Dinsdag 30 Junie
Skrifgedeelte: Openbaring 22:1-15
Fokusgedeelte: Openbaring 22:1-5, 20
Vooruitsig

Openbaring is 'n moeilike boek om te verstaan. Sewe keer vertel die boek uit 'n ander hoek geskiedenis van die eindtyd, elke keer 'n bietjie verder. In Openbaring 20 – 22:5 word die geskiedenis die sewende keer vertel. Die hoogtepunt, 22:1-5, laat ons inkyk in die hemel – so lyk ons finale bestemming. Meegevoer deur die Gees sien ons ons bestemming: Uit God self vloei lewe(ende water) deur die geskiedenis – in God se skeppingswerk (Gen. 2:9-10), deur profete se visie van herstelde lewe in ons sonde-gebreekte woestynlewe (Sag. 14:8; Eseg. 47), vervul in Jesus Christus en die Heilige Gees (Joh. 4:10-15; 7:37-39), tot in die nuwe hemel en aarde. Ons, meegesleur deur sy lewe in oorvloed, helder, uit God self, tot by ons finale bestemming.

God is lewe. Voor die sondeval staan die boom van die lewe in Eden. Nou staan daardie boom in dubbelmaat. Dra deurlopend oorvloedig lewensonderhoudende vrug en blare, kos en genesing.

God is hier, oorvloedig. Die sondevloek is gebreek. Nou vloei lewe en intieme gemeenskap met God vrylik.

Ja, ook Intieme gemeenskap met God is herstel. Ons sal Hom persoonlik sien, bly lewe(!), en sy heerlikheid sal op ons gesigte weerkaats (vgl. Eks. 34:27-35; 2 Kor. 3). Ons sal Hom dien. Die werk doen wat Hy by die skepping reeds aan Adam en Eva gegee het (Gen. 2:28, "heers"): ons sal vir ewig en ewig as konings heers (Op. 22:5).

Lewe soos dit bedoel was – tot oorlopens toe. Lewe in en uit en deur God. In intieme gemeenskap met God bedien ons sy vryvloeiende lewe in sy asemrowende her-skepping.

Openbaring 22:6-15 bring ons terug uit die heerlike visie na die harde werklikheid van ons gebroke wêreld. Maar nou hoor ons Jesus roep: "Kyk, Ek kom gou!" En die Gees roep: "Kom gou!" Ek roep: "Kom!" En Jesus antwoord: "Ja, Ek kom gou!" Ons beaam: "Amen! Kom, Here Jesus!"

*Sing: Skrifberyming 18-6*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*